# Voorsetsels

'n Woordsoort wat die verhouding tussen die naamwoorde in 'n sin aandui.

1. Kyk na en bespreek die verhouding tussen die boom en die voorwerpe in die prentjie.



2. Kyk na die verhouding tussen die onderstreepte woorde (die naamwoorde) en vul die korrekte voorsetsel in.

| | |
|---|---|
| a) Waar is die boom? | Die boom is _______________ die tuin. |
| b) Waar staan die boom? | Dit staan _______________ die tuinbankie. |
| c) Waar is die flamink? | Die flamink is _______________ die boom. |
| d) Waar groei die tulpe? | Die tulpe groei _______________ die boom. |
| e) Waar is die voëltjie? | Die voëltjie sit _______________ die tak. |
| f) Waar is die slak? | Die slak is _______________ die tuinbankie. |
| g) Waar is die padda? | Die padda is __________ die dammetjie, __________ die klip. |



LIVEWORKSHEETS

3. Kies die korrekte voorsetsel.

# Die Betowerende Tuin

'n Reusagtige boom staan eenkant - omring [met | van] dansende tulpe. [Bo | Onder] die skadu [van | met] die boom het 'n ou antieke tuinbankie trots gestaan. Emily het [oor | op] die bankie gesit. Sy het [in | op] afwagting haar lang goue hare [in | agter] haar vasgemaak, [op | na] die misterieuse boek gestaar en saggies gefluister, ''Ek wens ek was soos Alice [met | op] 'n misterieuse avontuur [in | na] Wonderland.'' Skielik begin die boek te skud. Emily het gewip [op | van] die skrik. "Wat is besig om [met | van] my boek te gebeur?" het sy gewonder. Sy het stadig [daarna | by] uitgereik en die boek oopgemaak. Die prente lyk skielik anders. Dit lyk of dit begin lewe kry. Emily spring opgewonde [vir | in] en land handeviervoet [op | in] sagte gras wat die verte [in | om] strek. Toe sy opkyk, sien sy 'n lang, smal, kronkelende blou paadjie wat [tot | om] [in | om] die diep, donker woud lei. Emily besef meteens haar wens het waar geword. Sy begin toe al [langs | om] die smal, paadjie loop. Die bome het eienaardig voorgekom. Dit het gelyk asof hulle [aan | na] haar kyk terwyl sy [verby | tot] hulle stap. Die starende bome se oë het haar gevolg [tot | na] sy by die woud uitgestap het. [Aan | Van] die rand [aan | van] die woud, het sy eers asemgeskep en was verbaas toe sy 'n pragtige en buitengewone voël [op | in] die lug sien vlieg en grasieus [op | in] die blou paadjie land. 'n Lang-been flamink kom aangehop en sê, "Kom saam [met | aan] my." Emily was geskok. " 'n Voël wat kan praat?'' het sy [met | by] haarself gedink. Die helderkleurige voël het haar [voor | na] 'n sprokiesagtige kasteel gelei. "Sjoe!" het sy uitgeroep toe sy [in | na] verwondering [voor | op] die kasteelopening staan. "Kom binne," het die voël gesê. [Binne-in | In] die kasteel was 'n indrukwekkende saal. [Op | Aan] die kant [van | aan] die saal was daar 'n deur. Emily het nadergestap en die deur stadig oopgemaak. "Soek jou boek!"



LIVEWORKSHEETS

het die flamink beveel. Emily het [ vir | op ] ure [ na | met ] die boek gesoek. Die son was besig [ vir | om ] laag [ agter | na ] die bome te sak. Uiteindelik kry sy haar kosbare, Alice in Wonderland boek [ op | onder ] 'n ou geroeste tuinbankie. Die boek begin skud terwyl sy vinnig daar [ in | deur ] blaai. Die prente roer en sy spring weer haastig [ in | op ]. Sy land [ in | op ] haar voete [ in | op ] die middel [ na | van ] die tuin. "Ek is bly dis verby," het sy 'n sug [ van | om ] verligting geslaak.



LIVEWORKSHEETS